

Hoe kan U, Here?

As Habakuk verneem dat die Galdeërs gebruik gaan word om Juda te straf, is hy diep teleurgesteld. Hoe kan dit? Hoe kan die Here sulke bose mense as tugroede gebruik?

Ronduit verklaar hy teenoor die Here: *“U is my heilige God”* (vs 12); *“U oë is te rein om waar te neem hoe slegte mense (die Galdeërs) die vernietig wat beter is as hulle”* (u volk) (vs 13). Habakuk huiwer nie om die Here op die skrikwekkende gevolge van sy plan te wys nie: *“Die Galdeërs vang mense met hoeke, trek hulle vas in nette ... en juig en jubel oor die vangs”* (vs 15). Here, hoe kan U ons oorgee aan hierdie *“sondige nasie vir wie sy eie mag sy god is”* (vs 11)?

Ons redeneer ook so: Ja, ons is sondig, sleg en verdien tug, maar tog net nie deur die hand van ongelowiges en spotters nie? Het God nie 'n beter plan nie?

Hoofstuk 2 gee hieroor meer insig. Intussen moet ons vashou aan die goedheid en liefde van God. Sal die Vader wat sy eie Seun laat sterf het om ons te red, dan nie omgee nie? Ons weet: God faal ons nooit, dis ons wat nie altyd verstaan nie.

Ons mag vrae vra, maar met die bereidheid om te luister en God se antwoorde te aanvaar. Dis presies wat Habakuk gedoen het.

Sing: Psalm 75:1, 6

Dr NP Heystek (Emeritus)